NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2022

# DRAMATIESE KUNS

Tyd: 3 uur 120 punte

---

**LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR**

1. Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye. Maak asseblief seker jou vraestel is volledig.

2. Hierdie vraestel is in drie afdelings verdeel. Jy moet al **DRIE** afdelings beantwoord. In **AFDELING C** moet jy óf **SUID-AFRIKAANSE KONTEMPORÊRE TEATER (NA 1994) ÓF SUID-AFRIKAANSE KONTEMPORÊRE FILM (Na 1994)** kies.

   **AFDELING A:** **20ste-EEUSE TEATERBEWEGINGS**
   ***Waiting for Godot*** **deur Samuel Beckett OF**
   ***Rhinoceros*** **deur Eugene Ionesco OF**
   ***The Maids*** **deur Jean Genet**
   **EN**
   **AFDELING B:** **SUID-AFRIKAANSE TEATER (1960-1994)**
   ***The Island*** **deur John Kani, Winston Ntshona en Athol Fugard OF**
   ***You Strike the Woman, You Strike the Rock*** **deur Vusisiswe Players OF**
   ***Woza Albert!*** **deur Percy Mtwa, Mbongeni Ngema en Barney Simon**
   **EN**
   **AFDELING C:** **SUID-AFRIKAANSE TEATER/FILM (Na 1994)**
   **SUID-AFRIKAANSE KONTEMPORÊRE TEATER (Na 1994)**
   ***Tshepang deur*** **Lara Foot Newton OF/EN**
   ***Born Naked*** **deur ZikkaZimba Productions en Hijinks Theatre OF/EN**
   ***Little Red Riding Hood and the Big, Bad Metaphors*** **deur Mike van Graan en die Universiteit van Pretoria se Drama-departement**
   **OF**
   **SUID-AFRIKAANSE KONTEMPORÊRE FILM (Na 1994)**
   ***District 9 onder regie van*** **Neill Blomkamp OF/EN**
   ***Tsotsi onder regie van*** **Gavin Hood OF/EN**
   ***Ellen, The Ellen Pakkies Story onder regie van*** **Daryne Joshua**

3. Nommer jou antwoorde PRESIES soos wat die vrae op die vraestel genommer is.

4. Die puntetoekenning per vraag is 'n riglyn vir die mate van detail en noukeurigheid van jou antwoord.

5. Onafhanklike, kreatiewe denke en die toepassing van kennis sal tot jou voordeel wees.

6. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf en om netjies te werk.

IEB Copyright © 2022

## AFDELING A 20ste-EEUSE TEATERBEWEGINGS – ABSURDE TEATER

### VRAAG 1 TONEELSTUKKE IN KONTEKS

**In hierdie vraag moet jy na EEN van die volgende dramas verwys:**

- ***Waiting for Godot deur* Samuel Beckett OF**
- ***Rhinoceros* deur Eugene Ionesco OF**
- ***The Maids* deur Jean Genet**

**Let wel: Jy moet net EEN van die tekste kies en alle antwoorde vir hierdie vraag moet op jou gekose teks gegrond wees.**

**Skryf die titel van die toneelstuk wat jy bestudeer het neer voordat jy begin om Vraag 1 te beantwoord.**

***Veronderstel jy is 'n regisseur wat aansoek doen om 'n produksie van die toneelstuk wat jy bestudeer het vir die Nasionale Kunstefees op die planke te bring.***

1.1 Deel van die aansoekproses behels die keuse van 'n opvoerruimte vir jou produksie van die toneelstuk wat jy bestudeer het. Die foto's op die volgende bladsye (hieronder en op bladsy 3 en 4) toon die ruimtes wat die feesorganiseerders beskikbaar het.

**FOTO A**



[Bron: <https://seekingbalancewhilelol.com/2020/04/14/finding-an-audience/>]

IEB Copyright © 2022

**FOTO B**



[Bron: <https://www.7stages.org/rent-our-space-2/>]

**FOTO C**



[Bron: <https://www.shutterstock.com/search/outdoor+wooden+stage>]

IEB Copyright © 2022 

**FOTO D**




[Bron: <https://www.salisburypost.com/2020/08/13/rss-teachers-are-adapting-classrooms-to-the-pandemic/>]

1.1.1 Kies een opvoerruimte en skryf neer watter een dit is. Noem die algemene voordele van die opvoerruimte wat jy gekies het. (3)

1.1.2 Verduidelik die manier waarop die opvoerruimte wat jy gekies het die temas van die toneelstuk wat jy bestudeer het, sal versterk. (4)

1.2 Die Teater van die Absurde is deur 'n aantal kunsstyle en -bewegings beïnvloed, waarvan een Surrealisme is. As 'n regisseur wil jy hê dat hierdie invloed sigbaar moet wees in die opvoering van *jou* produksie.

1.2.1 Gee 'n definisie van Surrealisme. (3)

1.2.2 Lys DRIE kenmerke van Surrealistiese produksies. (3)

1.2.3 Motiveer hoe jy beoog om die skrikwekkende eienskappe van die karakters se omgewing in die stelontwerp van die produksie wat jy wil opvoer, uit te beeld. (8)

1.2.4 Motiveer hoe jy beligting kan gebruik om jou stelontwerp in die **openingstoneel** van die toneelstuk te komplementeer. Jy kan in jou antwoord na kleur, intensiteit en ligbron(ne) verwys. (6)

IEB Copyright © 2022

1.3 Die aansoekvorm vereis dat jy besonderhede verskaf oor jou regiebenadering om jou verhoogkunstenaars op te lei. Jy het inspirasie uit die volgende bron geput:




[Bron: <https://medium.com/voices-from-the-classroom/cartoons-and-nihilism-8db78ba8196e>]

1.3.1 Verduidelik hoe EEN karakter in die toneelstuk wat jy gekies het, aansluiting by hierdie aanhaling kan vind. (3)

1.3.2 Ten einde jou benadering te versterk, bespreek hoe jy die akteur sal adviseer om die karakter se lyding op die verhoog te beklemtoon. In jou bespreking moet jy na die volgende verwys:
- Opvoerstyl(e) en -invloede
- Fisiese keuses (10)

**[40]**

IEB Copyright © 2022 

## AFDELING B SUID-AFRIKAANSE TEATER (1960-1994)

## VRAAG 2 OPSTELVRAAG

**In hierdie vraag moet jy na EEN van die volgende dramas verwys:**

- ***The Island*** **deur John Kani, Winston Ntshona en Athol Fugard OF**
- ***You Strike the Woman, You Strike the Rock*** **deur Vusisiswe Players OF**
- ***Woza Albert!*** **deur Percy Mtwa, Mbongeni Ngema en Barney Simon**

Verwys na die onderstaande aanhaling wanneer die vraag wat volg beantwoord word.

> *"Wanneer onreg wet word, word weerstand noodsaaklik."*
>
> *Oorsprong onbekend*

Bespreek in 'n goed gestruktureerde opstel van ongeveer **600 woorde** of **twee tot drie bladsye,** hoe die toneelstuk wat jy bestudeer het, die bostaande aanhaling weerspieël.

Gebruik die volgende punte om jou bespreking te lei:

- Dramaturg se oogmerke/temas
- Karakter
- Akteur-gehoor-verhouding en die rol van die gehoor

  - Skryf duidelik die naam van die Suid-Afrikaanse teks wat jy bestudeer het boaan die bladsy.
  - Jou opstel sal nagesien word volgens hoe goed jy jou bespreking kan ontwikkel en dit logies kan afsluit.
  - Ondersteun jou bespreking ten volle met 'n duidelike, gefokusde verduideliking en toepaslike voorbeelde uit die drama.

**[40]**

IEB Copyright © 2022

## AFDELING C SUID-AFRIKAANSE TEATER/FILM (Na 1994)

## VRAAG 3 (A) SUID-AFRIKAANSE KONTEMPORÊRE TEATER (Na 1994)

**In hierdie vraag mag jy na EEN, TWEE of AL DRIE die volgende toneelstukke in jou antwoorde verwys:**

- ***Tshepang* deur Lara Foot Newton OF/EN**
- ***Born Naked* deur ZikkaZimba Productions en Hijinks Theatre OF/EN**
- ***Little Red Riding Hood and the Big, Bad Metaphors* deur Mike van Graan en die Universiteit van Pretoria se Dramadepartement**

**Skryf die titel(s) van die toneelstuk(ke) wat jy bestudeer het neer voordat jy Vraag 3 beantwoord.**

Jy is deel van 'n Teater vir Ontwikkeling se toneelgeselskap wat EEN, TWEE of AL DRIE die toneelstukke wat jy bestudeer het (en gekyk het) vir 'n sekere gemeenskap wat by die kyk van die opvoering sal baat vind, op die planke wil bring.

> *Teater vir Ontwikkeling (TVO) is 'n instrument wat deur ontwikkelingsagentskappe gebruik word om die lewensgehalte van kwesbare gemeenskappe te verbeter. TVO gebruik fiksie en die "veilige ruimte" van opvoering om kommentaar op die werklikheid te lewer en alternatiewe aan te bied.*

[Bron: <https://pubmed.ncbi.nlm.nih.gov/12321990/#:~:text=Theater%20for%20Development%20(TFD)%20is,on%20reality%20and%20offer%20alternatives.>]

3.1 Stel voor watter tipe gemeenskap sal baat vind deur na enige EEN van die toneelstukke wat jy bestudeer het, te kyk. (4)

3.2 Verduidelik, met verwysing na spesifieke voorbeelde uit die toneelstuk, die lesse wat geleer kan word uit enige TWEE kwessies wat in die teks verken word. (8)

3.3 Oorweeg die Postmoderne aspekte van enige EEN van die toneelstukke wat jy bestudeer het.

3.3.1 Omskryf die volgende Postmoderne konsepte:
- Mini-narratiewe
- Dekonstruksie (4)

3.3.2 Evalueer die effek van die Postmoderne konsepte in Vraag 3.3.1 in die konteks van enige EEN van die toneelstukke wat jy bestudeer het. (6)

3.4 Verwys na die uittreksel(s) van EEN, TWEE of AL DRIE die toneelstukke wat jy bestudeer het (kyk op bladsy 8–10).

3.4.1 Motiveer, met verwysing na enige EEN van die uittreksels wat volg en die toneelstuk as 'n geheel, of die karakter/s as slagoffer/s beskou moet word. Verwys in jou antwoord na:
- Die gebruik van simbole in die uittreksel
- Die gebruik van taal in die uittreksel (8)

IEB Copyright © 2022

3.4.2 Bespreek, met behulp van die opgeneemde produksie van enige EEN van die toneelstukke wat jy gekyk het as 'n riglyn, hoe jy die uittreksel wat volg, sal opvoer. Jy moet na die volgende verwys:

- Om die toneel te blok
- Gebruik van rekwisiete
- Gebruik van musiek en/of klankeffekte (10)

## Uittreksel uit *Tshepang*:

**SIMON:** Alfred's father had a very young houvrou called Margaret. Margaret was angry all the time. Especially when Alfred wet his pants, because it was she who had to do the washing.

One day when Alfred was about three we were playing in the yard with Jaintjie Jacobs. Now Jaintjies was the best uglyface puller in the whole of town, he had a face like a piece of chewing gum. Now Alfred loved laughing at Jaintjie's funny faces. That day, Jaintjies was in good form, and Alfred was laughing and laughing and laughing.

Then suddenly, Alfred was standing in a pool of liquid, which happened to be pee. When Alfred realised what had happened he started to shake. He was terrified. And then it happened, Margaret, the houvrou, came round the corner and saw Alfred standing in his pee. From nowhere she grabbed a broom and started to beat Alfred. *[He acts out the beating of the broom.]* At first I thought it was a joke, and then I saw her face. She had become the devil. I ran and hid in a big drainpipe, and watched as she pummelled Alfred until his small body lay quietly in a pool of piss. Then she stopped and, for a moment, reflected on what she had done and then … then …

AYEEEEEE! She began to beat him again ...

*The broom breaks, and he looks at it in horror. It takes on the form of the broken bones of little Alfred.*

IEB Copyright © 2022

## Uittreksel uit *Born Naked:*

**QUEEN BLING:** Right. Lesson 103. The catwalk. *(She moves the mobile platform to stage left to clear the space.)* Now I want you to Cut. Copy and paste. Five, six, seven, eight … *(she maps out a clear catwalk on stage as she walks)* Sechaba are you concentrating?
*(He is not and continues struggling to put the boots on.)* The walk is also one of the most important aspects in helping you create your drag persona. Now, show me your walk.

**SECHABA**: *(Confused and bewildered)* My what?
*Depending on whether BLAQ WIDOW has managed to put the boots on, QUEEN BLING may do the catwalk again. Clearly frustrated by BLAQ WIDOW's lack of concentration she continues.*

**QUEEN BLING:** Your walk. *(Frustrated)* Your catwalk. Now, show me your walk.
*SECHABA gets up from his chair and completely loses his balance and falls to the floor. QUEEN BLING rushes from upstage to help SECHABA up.*

**QUEEN BLING:** I'm so sorry my love, are you alright?
*QUEEN BLING tenderly assists SECHABA and they both make their way upstage centre to begin the catwalk.*

**QUEEN BLING:** Are you ready? *(SECHABA nods in agreement)* Five, six, seven, eight … and walk.
*QUEEN BLING confidently begins the catwalk.*
Okay, just look at me. Cut, copy and paste.
*SECHABA watches her and then tries to walk. He is completely off balance as he struggles to walk. It is a high comedic off-tilt ambling towards downstage centre.*
*(Arriving downstage centre, SECHABA is ambling in slow-motion while QUEEN BLING reflects to the audience.)* The following weeks were so frustrating for me, but, they were also magical, because I became a drag mother for the first time. But motherhood comes with its own 'draggage' …

IEB Copyright © 2022

**Uittreksel uit *Little Red Riding Hood and the Big, Bad Metaphors*:**

*Scene: GRAN HOOD's cottage. There's a HOSTAGE on his haunches, hands tied behind back, with a gag over his mouth. Mr WOLF and GRAN HOOD on either side.*

GRAN HOOD: What's your name?
WOLF: Who do you work for?
GRAN HOOD: Who owns the bulldozer?
WOLF: Which country are you from?
GRAN HOOD: How much are they paying you?
WOLF: Have you given any thought to us who live off the forest?

*Enter RED HOOD.*

RED HOOD: Gran! Mr Wolf, what's going on here?
GRAN HOOD: We found this guy bulldozing the last part of the forest.
WOLF: So we decided to do something!
RED HOOD: By holding someone hostage?
GRAN HOOD: Well, I lay in front of the bulldozer, but he just went around me.
WOLF: So I jumped on to the bulldozer and pulled him off the driver's seat.
RED HOOD: And now what are you going to do?
GRAN HOOD: We're holding him to ransom.
RED HOOD: What?
WOLF: We'll let him go when the company he works for plants a new forest.
RED HOOD: That's crazy!
GRAN HOOD: You youngsters all moan about climate change and take part in your 'save the environment' protests, but you don't really DO anything! And when we DO something, you call us crazy!
RED HOOD: What I mean is … the company he works for won't pay the ransom you're asking for. They'll just get someone else to replace him, and contract a private army to surround the forest while they bulldoze it!

**[40]**

IEB Copyright © 2022

## AFDELING C SUID-AFRIKAANSE TEATER/FILM (Na 1994)

## VRAAG 3 (B) SUID-AFRIKAANSE KONTEMPORÊRE FILM (Na 1994)

**In hierdie vraag mag jy na EEN, TWEE of AL DRIE van die volgende films in jou antwoord verwys:**

- ***District 9 onder regie van* Neill Blomkamp OF/EN**
- ***Tsotsi* onder regie van Gavin Hood OF/EN**
- ***Ellen, The Ellen Pakkies Story* onder regie van Daryne Joshua**

**Skryf die titel(s) van die film(s) wat jy bestudeer het neer voordat jy begin om Vraag 3 te beantwoord.**

Jy is deel van 'n gemeenskapsgebaseerde filmmaatskappy wat EEN, TWEE of AL DRIE van die film(s) wat jy bestudeer het, vir 'n spesifieke gemeenskap wat sal baat vind deur na die film(s) te kyk, wil vertoon.

> *Ons doel is om die wêreld te verander deur die stories wat ons vertel, hoekom ons hulle vertel, en hoe, te verander – om die wêreldwye, prehistoriese tradisie van storievertelling terug te bring na sy wortels in die gemeenskap. Ons wil meer geleenthede skep vir meer mense om by mekaar betrokke te wees en om mense in gemeenskappe nader aan mekaar te bring.*

[Bron: <https://medium.com/@SundanceOrg/back-to-the-roots-of-storytelling-the-community-based-philosophy-of-folklight-film-club-a7124e9ddf3d>]

3.1 Maak 'n voorstel van watter tipe gemeenskap sal baat vind deur na enige EEN van die films wat jy bestudeer het, te kyk. (4)

3.2 Verduidelik met behulp van spesifieke voorbeelde uit die film die lesse wat geleer kan word uit enige TWEE kwessies wat in die film verken is. (8)

3.3 Oorweeg die Postmoderne aspekte van enige EEN van die films wat jy bestudeer het.

3.3.1 Omskryf die volgende Postmoderne konsepte:
- Mini-narratiewe
- Dekonstruksie (4)

3.3.2 Evalueer die effek van die Postmoderne konsepte in Vraag 3.3.1 in die konteks van enige EEN van die films wat jy bestudeer het. (6)

IEB Copyright © 2022

3.4 Verwys na die **openingstoneel** van EEN, TWEE of AL die films wat jy bestudeer het soos hieronder aangedui is.

- *Tsotsi* – begin tot wanneer die bende by die stasie instap.
- *District 9* – begin tot wanneer ons die ruimtewesens in die hulpkampe sien.
- *Ellen, the Ellen Pakkies Story* – begin tot wanneer Abie sê hy is nie vir die polisiesirenes bang nie en het nie 'n drukkie van Ellen nodig om veilig te voel nie.

3.4.1 Motiveer, met verwysing na die openingstoneel van enige EEN van die films en die film as 'n geheel, of die karakter/s as slagoffer/s beskou moet word. Verwys in jou antwoord na:

- Die gebruik van simbole in die toneel
- Die gebruik van aksie in die toneel (8)

3.4.2 Ontleed die kinematografie in die openingstoneel van enige EEN van die films wat jy bestudeer het. Jy moet na die volgende verwys:

- Mise en scène
- Kamerawerk (skote, hoeke en beweging)
- Redigering (10)

**[40]**

**Totaal: 120 punte**

IEB Copyright © 2022